

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 15**

**13 April 2025**

## ‘n Donker Nag In Die Tuin
## Die lyding en verlossing van Christus (3)

**Die bloed in die tuin: ‘n vrywillige offer**
Die tuin van Getsemane het ‘n slagveld van die wil geword. Christus se gebed, “Laat nogtans nie my wil nie maar U wil geskied!” (Luk22:24), het die ongehoorsaamheid van Eden omgekeer. Die bloed wat Hy in angs gestort het, was die begin van Sy versoeningsoffer. Dit was in ‘n tuin dat Hy Sy wil vir ons oorgegee het en Homself voorberei het om die vloek op Hom te neem (Gal 3:13). Aan die kruis, opgelig uit ‘n tuin, het Hy die volle maat van God se toorn gedra. Deur Sy bloed is ons verlos, uit die koninkryk van duistenis oorgedra na die koninkryk van die Lig (Kol 1:13-14; 19-20).

**Ons verlossing, nie Syne nie**
Jesus het nie verlossing nodig gehad nie – Hy was sondeloos. Sy bloed was nie vir Homself nie, maar vir ons. Hy het angs verduur sodat ons vrygemaak kon word. Daarom is Sy gebed in Getsemane so kragtig: Dit was nie bloot ‘n daad van oorgawe nie, maar die verklaring van verlossing. Hy het ons instaat gestel om te kan sệ: “Ja, Here. Nie my wil nie, maar U wil geskied.”

**Die krag van Sy bloed oor ons wil**
Die bloed van Christus is nie net vir die vergifnis van sonde nie; dit is ook vir die herstel van ons wil. Voor die verlossing was ons slawe van die sonde, maar deur Christus se bloed is ons bemagtig om God te gehoorsaam:
**Ons denke word vernuwe:** “Laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatrone vernuwe” (Rom 12:2)
**Ons wil word bevry:** “Dis mos God wat die gewilligheid en die vermoë in julle bewerk om te handel volgens wat Hy graag wil hệ!” (Fil 2:13).
**Ons begeertes words verander:** “Iemand wat aan Christus verbind is, is ‘n nuwe skepping” (2 Kor 5:17)
Die groot ironie is dat die gevalle mens op vrye wil aandring, maar tog is hy in sonde gebonde. Ware vryheid word slegs in Christus gevind. Hy het ons wil met Sy bloed gekoop sodat ons vrylik kan kies om God lief te hệ en te dien. Deur Sy offer kan ons nou die grootste gebod uitleef.

**Wandel in die lig**
Ons hoef nie meer in die duisternis rond te strompel nie: deur Hom wandel ons in die lig (1 Joh 1:5-7).

**Waak en wees wakker**
Terwyl ons hierdie Paasfees oordink, mag ons nie, soos die dissipels, aan die slaap gevind word nie. Mag ons wakker en waaksaam wees. Mag ons reageer op Sy roepstem, sonde versaak, ons wil oorgee en die lig van verlossing omhels. Die tuin van smart het die poort na oorwinning geword; die lyding van Getsemane het gelei tot die triomf van die opstanding. Laat ons vandag in daardie oorwinning wandel! **- Paul Daniel**

## Dankie!

- Vir die oorwinning wat Jesus vir ons bewerk het!
- Dat Christus ons hemelse Vader aan ons kom openbaar het!

## Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums. Vir hulle veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.

## Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Johnny Viviers
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Jan Viljoen
- Theo Prinsloo

Hannah Bylsma
Tannie Rina van der Vyver
Rudi Kruger
Carin Wilsenach
Wikus Holtzhausen
Tannie Charmaine Venter
Oom Andrew Oostuizen
Spokie Vorster
Pierre Pienaar
Juanita Rossouw

## Gedagte vir die week

**Die tuin van smart het die poort na oorwinning geword;**
**die lyding van Getsemane het gelei tot die triomf van die opstanding.**

## Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org